

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
20 Januarie 1980

Onderwerp: Saggéüs ontmoet Jesus

Lees: Lukas 19 verse 1 tot 10

Teks: Lukas 19 verse 5 en 10

Sing: Psalm 68 vers 9
Gesang 253 vers 1
Gesang 230 verse 1 en 3

“Die Bybel is ’n wonderlike boek. Dit vertel ons van dinge wat 2000 jaar gelede gebeur het en terselfdertyd het dit ’n boodskap vir ons wat in die 20ste eeu leef.

“Dit is só omdat die Bybel die Woord van God is. God praat met ons deur sy Woord en vertel ons in sy blye boodskap dat daar redding is vir alle mense en hoe dit gekom het dat mense gered kan word.

“Soos in Lukas 19 verse 1 tot 10. Dit het jare gelede gebeur en tog praat God vanmôre met elkeen van ons deur hierdie verhaal.

“Maar nou is dit so wonderlik van die Bybel dat as ons, ons inlewe in wat tóé gebeur het, ons kan verstaan wat God nou vir ons wil sê.

“Ons moet dus eintlik saam met Jesus aankom by die poorte van die stad Jerigo en saam met Hom wandel deur die stofstrate van hierdie stad. Saam met Hom en saam met die skare wat mekaar verdring om naby Hom te wees, om te hoor wat Hy sê, of miskien maar net aan Hom te raak.

“En die eerste ding wat ons kan sien, is ’n kort mannetjie wat op sy tone staan, maar hy kan nie oor die gedrang van die mense sien wat hy so graag wil sien nie.

“Die Bybelskrywer, Lukas, sê vir ons die man se naam is Saggéüs. Hy is ’n hoof tollenaar en hy is ’n ryk man. Dit is ’n hele mondvul.

“Saggéüs. Die naam beteken ‘die regverdige’.

“Maar dit moet ons nie mislei nie, want hy is ’n tollenaar, die Ontvanger van Inkomste van daardie tyd. Hy is ’n persoon wat beskou is as ’n landsverraaier, want hy wat ’n Jood was, het belasting ingevorder vir die gehate Romeine. En hy het dit meestal gewetenloos en onregverdig gedoen, want hy moes ’n sekere

vasgestelde bedrag aan die staat oorbetaal. Die res was sy wins.

“Dus hoe méér hy kon invorder, hoe gróter was sy wins. Daarom verbaas dit ons nie dat daar van hom gesê word dat hy ’n ryk man was nie.

“Broers en Susters, hierdie ryk en gehate Saggéüs sien ons in die verhaal rondtrippel rondom die skare mense daar by Jesus. En as hy nie daarin kan slaag om Jesus te sien en van nader kennis te maak nie, sien ons hom vooruit hardloop en in ’n boom klim. Hy is absoluut gedetermineerd om Jesus te sien. Dit is byna of hy weet dat dit die laaste besoek van Jesus aan Jerigo is, asof hy weet dat Jesus ’n week later aan die kruis sal sterf.

“Natuurlik het hy dit nie geweet nie. Hy sou dit eers later verstaan. Maar wat hy wel geweet het, is dat hierdie Rabbi nie skaam was vir tollenaars nie en dat Hy wonderlike dinge gedoen het.

“En Saggéüs het homself ook geken. Vir veertig, of vyftig jaar het hy met sy verrotte hart saamgeleef en het hy na verlossing verlang. Daarom klim hy in die wildevyeboom. Daarom dink hy nie eens aan hoe hy daar vertoon nie. Stel jou voor, daar sit die ryk man van die stad Jerigo in ’n boom.

“En dit gebeur net so! Die skare kom nader en Saggéüs se hart klop in sy keel en dan sien iemand hom en dit suis deur die gedrang: ‘Kyk, daar vir Saggéüs.’ Of miskien het Jesus hom eerste gesien. Die belangrikste is dat Jesus opkyk, hom sien en in sy hart in kyk; deur alles van sy lewe sien; ook sy verlede wat hy gedink het bedek was en waarvan net hy geweet het.

“Vir ’n oomblik moet ons stilstaan en kyk na die prentjie voor ons:

“Jesus wat opkyk. Saggéüs is vol skrik, verbasing, skaamte en skugtere afwagting. En dan gebeur dit.

“Saggéüs!’

“Jesus praat met my. Hy praat met my! Hy noem my op my naam!

“Saggéüs, maak gou, klim af, Ek moet vandag by jou tuisgaan.’

“Saggéüs val byna uit die boom uit en val oor sy eie voete om by Jesus te kom. Want dit wat hy nie eers durf hoop het nie, het skielik waar geword.

“En die skare wat hom vroeër uitgesluit het, staan terug en maak vir hom ’n pad oop, sodat hy by Jesus kan kom en Hom met blydschap na sy huis toe vat.

“Maar daar eindig die verhaal nie. As dit maar net so sou bly, by die mooi verhaal dat Jesus hom raakgesien het en dat Hy vir een nag by hom aan huis

was, dan sou die somberheid en donkerheid oor Saggéüs en sy huis toegesak het, soos oor die skare van sombere en donker gesigte wat nie in die vreugde deel nie, maar wat daarbuite in die straat staan en verwykend sê: 'Hy het by 'n sondige man tuisgegaan.'

"Nou is die eerste ding wat 'n mens hierdie murmurendes wil vra: Maar verstaan julle dan nie? Hy is dan die Verlosser. Dank God liever dat Jesus by sondige mense tuisgaan!

"Maar moet u nie te haastig wees nie. Dan kyk u nie goed genoeg nie. Dan is u nie self daar by die skare teenwoordig nie.

"Hierdie mense vergeet Jesus se gelykenis van die verlore skaap. Die nege en negentig is laat staan om die een verlorene te soek.

"Maar ons moet nie ons aandag te veel laat aftrek deur die mense daarbuite in die straat nie. Hulle is meestal selfsugtig in hulle benadering en beoordeling van Jesus. Die eintlike gebeurtenis van hierdie Evangelie in die klein, vind binne in die tollenaar se huis plaas.

"Terwyl die skare nog buite brom oor hierdie landsverraaier en sondaar, staan Saggéüs voor almal op en die woorde rol van sy lippe af. Nie leë, hol en betekenislose woorde nie, maar woorde wat onmiddelik in daad omgesit word: 'Here, kyk, die helfte van my goed gee ek vir die armes ...'

"Let op, hy sê nie 'ek sal dit doen nie'. Nee, hy sê: 'kyk, ek gee dit' en daarom is dit moontlik dat hy daar en dan geld begin uitdeel het onder die behoeftiges. En hy sê: '... as ek van iemand iets afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug.' Met ander woorde: 'Jesus, ek is skuldig. Ek is 'n dief, maar ek is spyt daarvoor. So spyt, dat ek nie dubbel sal teruggee soos die wet van Moses van my vereis nie, maar vierdubbel.'

"Hy staan voor almal en hy handel voor almal, sodat nie hy nie en ook nie iemand anders weer in stilte daarvan kan vergeet nie. Saggéüs bely en hy doen boete en hy belowe. En miskien is daar tranes omdat hy in daardie oomblik al die skuld en eensaamheid en al die selfveragting van baie jare van hom voel afval.

"En dan staan Jesus langs hom en Hy sê vir hom en vir almal wat hulle eie woorde van haat nog in hulle ore hoor weerklink: 'Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom'.

"Saggéüs en almal teenwoordig luister. Hierdie man was skuldig. Hy was 'n dief, hy was 'n sondaar, maar hy en sy huis saam met hom, is gered. Hy is soos

brandhout uit die vuur geruk. En wat meer is, hy is gered omdat hy 'n seun van Abraham is.

“Met ander woorde: julle het hom afgeskryf as 'n landsverraaier, as 'n heiden, maar Ek bring die blye tyding dat hy dit nie meer is nie. Hy is 'n seun van Abraham. Hy is 'n verbondskind. En nou, hier voor julle almal se oë, het julle gesien dat God sy verbond met Abraham nie vergeet nie. Daarom is hy vandag gered.

“En dan sê Jesus die woorde waarmee hierdie hele gebeurtenis die hoogtepunt bereik: ‘Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was.’

“En as 'n mens nou aandagtig na die gesigte van die skare kyk, sal ons sien hoe die skuldige verbasing oorgaan in verwondering en hoe hier en daar begrip deurbreek.

“Ja, Hy moes kom om te soek wat verlore was. Vir my ook.

“Miskien was daar vreugde van gereddenes saam met Saggéüs.

“Al het hulle niks geweet van Golgota en die kruis nie, het hulle tog geweet dat Saggéüs nou 'n geestelike kind van Abraham was - gered en verlos. Iemand wat verlore was, is gered.

“En daar eindig hierdie verhaal, op hierdie mooi noot. En tog eindig dit nie daar nie.

“Aan die begin het ek gesê dat ons die woorde wat die Here nou tot ons wil spreek, beter sal verstaan as ons goed verstaan wat tóé gebeur het. En by die tweede deel van die verhaal, ons verhaal, moet ons nog uitkom.

“Nou weet ons almal dat niemand van ons 'n regte tollenaar van beroep is nie; en dat ons ook nie in 'n boom gesit het toe Jesus verbygekome het nie. Daar is baie dinge in ons verhaal wat anders is. Maar daar is ook baie dinge wat presies dieselfde is.

“Ons is almal kinders van Abraham. Ons sê dit uitdruklik elke keer vir mekaar as hier kindertjies gedoop word: dat God met Abraham 'n verbond gesluit het; en omdat Abraham die vader van alle gelowiges is, het God die verbond ook met ons gesluit. As die dominee vir die ouers vra: ‘Glo julle dit?’ Dan sê hulle plegtig: ‘Ja!’ En die gemeente wat dit ook glo, word as getuies geneem.

“As gelowiges is ons kinders van Abraham. En omdat ons kinders van Abraham is, is ons almal gedoop.

“Jesus het Saggéüs by die naam geroep. Netso vir elkeen van ons by die doop: ‘Jy is myne. Ek wil deur my Gees in jou woon.’

“Daar is geen twyfel oor nie. U kan daarop reken. Daarom is die woorde van vers 9 ook op u van toepassing. U is ook ’n kind van Abraham.

“Maar net soos Saggéüs eers voor die mense moes gaan staan en bely van sy bekering en geloof, voordat hy kon hoor: ‘Vandag het daar redding ... gekom’. So ook vir ons.

“Ons word van kleins af al hierdie dinge geleer, dat Jesus ons Verlosser is en alles wat daarmee saamhang. En dan kom daar ’n dag dat ons geleentheid kry om voor alle mense op te staan en te sê: ‘Dit wat van my gesê is, toe ek nog ’n kindjie was, toe ek nog nie kon verstaan nie, dit verstaan ek nou. Ek verstaan nou dat die HERE my op my naam genoem het en dat ek aan Hom behoort. En ek wil aan Hom behoort. Ek glo vas en seker dat Hy my Verlosser is; en daarom sal ek die verkeerde dinge los en doen wat reg is. Ek sal probeer om reg te maak wat ek verbrou het.

“U sien dus hoe naby ons staan aan Saggéüs. Ons is net meer bevoorreg as hy. Ons kennis is weier. Ons verstaan soveel meer. Ons weet van Getsémané en Golgota; van Paasfees en Pinkster. En tog is daar mense wat soos die ou Saggéüs is. Wonder of die dinge regtig vir hulle bedoel is? Dink dit is dinge wat net met party mense gebeur. Ek sal maar eenkant in die boom klim, sodat ek Jesus darem kan sien, want eintlik het ek Hom nodig.

“Luister. Ek verkondig aan ú die woorde: Jesus ‘het gekom om te soek en te red wat verlore’ is.

“Dié woorde praat met elkeen van ons. Ook met u wat miskien nie alles mooi verstaan nie. Ook met dié wat miskien alles verstaan, maar nie die belofte uitgevoer het om reg te maak wat verkeerd is tussen man en vrou, tussen jou en jou kind, tussen jou en jou ouers, tussen jou en jou vriende nie.

“Kom dan. Staan op in blydschap. Die HERE praat met jou, met jou persoonlik. Hy wil by jou tuisgaan, al is jy ’n sondaar - juis omdat jy ’n sondaar is, want jy is ’n kind van Abraham.

“Jesus, die Seun van die mens, het gekom om te soek en te red wat verlore was.’

“Amen.”